SAKE 24 (Beeld)
20 Aug 2012, p.19

TOERISME

St. Helena kry ná 200 jaar 'n lughawe

Carin Smith

'n Argieffoto van die RMS St. Helena wat die eiland St. Helena se hawe binnevaar. Dié gekombineerde vrag-en-passasierskip is tans die enigste fisieke verbinding wat die eiland met die buitewêreld het. Die skip is 'n gereelde besoeker aan die Kaapstadse hawe. Foto: VERSKAF

Kaapstad. – Daar is net een private geoktrooieerde rekenmeester op die eiland St. Helena en geen prokureurs of eiendomsagente nie.

Dít is van die inligting wat 'n handelsafvaardiging van dié eiland in die Atlantiese Oseaan verlede week op 'n inligtingsessie in Kaapstad verskaf het.

"St. Helena is gereed om sake te doen, mits dit op 'n volhoubare wyse geskied," sê Adam Kossowski, Enterprise St. Helena se verteenwoordiger in Kaapstad.

Die eerste lughawe wat op die eiland in aanbou is, sal na verwagting teen Februarie 2015 klaar wees – 200 jaar nadat Napoleon Bonaparte die eerste keer daar aangeland het.

Dit verg tans vyf dae om die eiland per skip vanaf Kaapstad te bereik.

Daar was al sedert 1943 sprake dat 'n lughawe op die eiland gebou gaan word. Die Britse regering, onder wie se beskerming die eiland val, het uiteindelik R2,7 miljard daarvoor bewillig – op voorwaarde dat die eiland dan sorg dat sy ekonomie volhoubaar ontwikkel word.

St. Helena se regering is daarom nou op soek na geskikte vennootskappe om met buitelandse beleggers aan te gaan.

"St. Helena het reuse-potensiaal, maar ons wil verseker die plaaslike gemeenskap baat ook daarby. Dit gebeur te dikwels dat ongerepte eilande baie vinnig kommersieel ontwikkel word en die plaaslike bevolking in die proses agterweë gelaat word," sê Kossowski.

Stuart Planner, nog 'n lid van Enterprise St. Helena, sê dit kos die Britse regering tans £26 miljoen (R338 miljoen) per jaar om St. Helena te bestuur. Sowat 80% van die grond op die eiland behoort aan St. Helena se regering.

"Ons gaan akkommodasie nodig hê vir toeriste en dienste wat daarmee gepaardgaan," sê Planner. In 2010 was 49% van die besoekers aan die eiland Suid-Afrikaners, 33% Britte en 13% van ander Europese lande, veral Frankryk en Nederland.

"Ons wil die eiland se toerismebedryf ontwikkel tot 'n toonbeeld van volhoubaarheid en gaan waarskynlik nie meer as 30 000 toeriste per jaar toelaat nie," sê Planner.

Hy is ook trots daarop dat daar byna geen misdaad op die eiland is nie.

Die ergste misdaad waaroor die afgelope week in die koerant berig is, was 'n man wat in die openbaar geürineer het.